Januarie 2024

Beste BevCric ouers

Neem asseblief kennis van die volgende:

Oefeninge: Die oefeninge word deur CBC-krieket onder leiding van Nico Martin behartig. Gedurende hierdie sessies word die spelers in spanverband afgerig, maar daar word ook op individuele vaardighede soos veldwerk, kolfwerk en boulwerk gekonsentreer. Dit is dus baie belangrik dat hierdie oefeninge getrou bygewoon moet word, aangesien 'n span nie kan oefen as al die spelers nie teenwoordig is nie.
[Die eerste oefening vir Gr. R, 1 & 2-spelers begin Woensdag 10 Julie 2024] – Kwartaal 3

Afrigters: Die afrigters van CBC is ten volle in beheer van al die oefeninge en wedstryde. Hulle is ook verantwoordelik vir die dissipline op die veld tydens oefeninge en wedstryde.

Proewe: Proewe: Daar is geen proewe vir graad R en graad 1spanne nie. Al die seuns word in 'n span geakkommodeer. Vanaf 2022 het die graad 2 spelers (0.8) wel proewe begin speel Uit die graad 2 proewe, word 'n span gekies wat in die 0.9 skoolliga ingeskryf word as die 0.9 B-span. Die 0.9 B-span oefen dan op verskillende dae en tye as die BevCric-span. Hulle oefen op Maandae en Dinsdae van 14:00-15:30 en die wedstryde vind op Woensdae plaas. Die BevCric-span oefen op Maandae en Woensdae van 17:00-18:00 en speel wedstryde op Saterdae saam met die ander BevCric-spanne. Die res van die spelers bly in die 0.8 BevCric-liga. Alle spanne speel volwaardige krieketwedstryde. Sou 'n speler na die proewe sodanig gedurende die seisoen ontwikkel om ook in die 0.9 liga te kan speel, is dit moontlik vir hom om te kan opskuif. Die klem bly op ontwikkeling van ons spelers.

Korrespondensie: Weeklikse kommunikasie sal sodra die seisoen begin, deur middel van WhatsApp geskied. Indien u seun nie die week se oefening of wedstryd kan bywoon nie, moet Mnr. J. Kruger (MCP-Bevcric@midstreamcollege.co.za) asseblief so gou as moontlik per e-pos in kennis gestel word.

Toerusting: Spelers moet hulle eie Abdo- beskerming ("box") koop. Die skool voorsien die res van die toerusting.

Waar om toerusting te koop: By enige sportwinkel soos Sportsmen's Wearhouse.

Toerusting moet asseblief duidelik gemerk wees met die speler se volle naam en van en nie net 'n afkorting nie

Kleredrag:
Gr. R-spelers kan met gewone klere oefen, maar vir wedstryde is dit dieselfde kleredrag as vir die Gr. 1 en 2 spelers.
Gr. 1 en 2 spelers - Kleredrag vir oefeninge en wedstryde is die volgende: LO-drag (wit hemp en maroen kortbroek), skoolhoed, wit tekkies met die maroen en wit lang kouse. Skoolsweetpak.

	**LO-Drag** **Wit hemp** **Maroen kortbroek** **Maroen en wit lang kouse** **Wit tekkies**
	Koue weer **LO-Drag** **Skoolsweetpak** **Wit tekkies**
	Enige amptelike skoolhoed

BevCric en Mini-hokkie: Spelers kan albei sportsoorte beoefen, aangesien die oefendae en wedstryddae verskil. Daar is slegs een wedstrydbotsing. Op hierdie dag kry die mini-hokkie wedstryde voorkeur bo die BevCric wedstryde.

BevCric groete

Mnr. J. Krüger
BevCric-Organiseerder
MCP-Bevcric@midstreamcollege.co.za